

**Vrydag 20 November**

**Skrifgedeelte: Amos 2:4-16**

**Fokusgedeelte: Amos 2:9-13**

**Dink jy genoeg aan die weldade wat die Here aan jou bedien?**

Die tien stamme van Israel kon lekker luister terwyl Amos in die eerste deel van sy preek (1:3 – 2:3) die Here se oordeel oor hulle heidense bure uitgespreek het. Net jammer dat die vuur van God se oordeel in die tweede deel van die preek ook na hulle toe deurbreek het:

- Eers word Juda tot verantwoording geroep omdat hulle die Here se Wet verwerp het.
- En dan word Israel se straf aangekondig omdat hulle (soos die heidene) teen weerlose mense én (soos Juda) teen God oortree het!

Die mense van Israel moes besef: hoe meer 'n mens van die Here ontvang het, hoe groter was jou verantwoordelikheid teenoor Hom. Anders as die heidene, het Israel die Wet van die Here gehad. Hulle het in 'n verbondsverhouding tot Hom gestaan. Daarby word ook 'n hele lys van weldade opgenoem wat die Here aan hulle bedien het ... soos dat Hy hulle uit Egipte bevry het en hulle 40 jaar lank in die woestyn versorg het voordat Hy hulle in Kanaän gevestig het. Daarom kon Hy met reg van hulle verwag om in 'n ander styl as hulle ongelowige bure op te tree!

Dink meer gereeld met dankbaarheid aan die weldade wat God aan jou bewys. Dink veral daaraan dat Jesus Christus jou deur die gebeure van Goeie Vrydag en Paassondag met sy bloed uit die verlore gaande wêreld losgekoop het. Na jou bruiklose, ou Adamsnatuur het jy saam met Christus aan die kruis gesterf. Nou is dit nie meer jy (die ou jy) wat lewe nie, maar dit is Christus wat (deur sy Gees) in jou lewe (Gal. 2:20).

Daarom is dit belangrik dat jy radikaal anders sal optree as die ongelowige massas. Mense moet Christus in jou kan raak-sien en raak-hoor. Dit is hoe die heiligheid lyk wat God van elkeen van ons as sy duurgekoopte kinders vra!

*Sing: Psalm 103-1:1, 2, 3*

*Ds. JJ Cloete (Kooos) (Emeritus)*